

STUDIEVELD B
LETTERKUNDE 1: FABELS EN MITES

LES 1

Fokus: Tradisionele literatuur.

Nota: Luister en praat is die middelpunt van leer in alle vakke.

Luister- en praatvaardighede word deur middel van letterkunde gestimuleer en uitgebrei deurdat 'n skatkis van woordeskat ontsluit word.

“Ons erfenis en ideale, ons waardes en standarde en die dinge waarvolgens ons leef en ons kinders leer, word behou of vernietig deur hoe vrylik ons idees en gevoelens uitruil.”

- Walt Disney

- 1.1 Om die konteks (inhoud) van verhale beter te verstaan, het ons agtergrond oor verskillende tipes verhale nodig. In hierdie afdeling val die fokus op verskillende tipes tradisionele literatuur.

<u>TRADISIONELE LITERAATUUR</u>	
kan breedweg beskou word as fantasie- en volksverhale.	
A. Fantasierhale	B. Volksverhale insluitend: srokies mites legendes fabels diereverhale verhale met 'n ekologiese uitgangspunt



- * Hoe kan ons fantasieverhale definieer? Vertel wat dink jy voordat daar verder geles word.
- * Hoe lyk sulke fantasieverhale? Vertel eers wat dink jy voordat daar verder geles word.
- * Luister aandagtig na die uiteensetting wat verkry is in *Wikipedia, die vrye ensiklopedie*:

A. Fantasieverhale

Vanaf die vroegste tye van die menslike bestaan, is mense al bewus van die bestaan van fantasie; nie net was hulle deur middel van instinktiewe gevoelens (intuïsie) bewus daarvan nie, hulle het selfs 'n woord gehad om 'n verskynsel te beskryf.

Die woord **fantasie** het sy oorsprong in Latyn naamlik, **phantasticus**. Die Griekse woord, **fantastikós**, het beteken: dit wat sigbaar gemaak word.

Verhale van grootsheid (soos donderweer), wat nie met die sintuie of die wetenskap van daardie tyd verklaar kon word nie, is deur die ou, ou Grieke gebruik om die onverklaarbare "sigbaar te maak" soos ons in fabels en mites sal sien.

Een van die kenmerke van fantasieverhale is dat 'n verteller in die ou tyd lewenswaarhede (wat werklik is soos die son en die maan) deur middel van fantasie opgeklaar het, en dat die probleme van die lewe (soos donderstorms) vir die wat daarna luister, daardeur opgelos is. Nadat hulle daarna geluister het, het die mense dan rustig en tevrede aangegaan met hul lewens asof hulle die waarheid agtergekom het.

Hulle het nie geweet dat die verteller in die werklike wêreld wesens skep wat nog nooit bestaan het nie, dat hy gebeurtenisse skep wat nie kan gebeur nie, met kreature wat deur die verteller self vir die eerste keer laat leef is.





'n Draak wat kan vuur spoeg en praat.



'n Perd wat kan vlieg.



Die sogenaamde Lochness monster.



'n Haas en 'n skilpad wat 'n weddenskap aangaan.

1.2 Kom ons gesels oor die volgende:

- * Wat beteken die woord "**definieer**" of "**definisie**"?
Gebruik 'n verklarende woordeboek om die betekenis van die woorde na te slaan en maak 'n nota daarvan. Bespreek wat jy uitgevind het.
- * Vertel in jou eie woorde wat dink jy is fantasieverhale.
- * Wat beteken die woorde "**kenmerk(e)**" en "**eienskap(pe)**"?
Gebruik 'n verklarende woordeboek om die betekenis van die woorde na te slaan en maak 'n nota daarvan. Bespreek wat jy uitgevind het.
- * Lees die laaste twee paragrawe hardop deur. Dink jy mense is maar net om die bos gelei of nie? Bespreek jou idees hieroor.



- 1.3 Hoe kan ons volksverhale definieer? Gebruik jou aantekening of nota om jou te herinner wat die woord "definieer" beteken en vertel eers wat jy dink voordat daar verder gelees word.

B. Volksverhale

Volgens Bascom, W (1965) in "Forms of Folklore, 78:307", kan volksverhale gedefinieer word as "*prose narrative which are regarded as fiction. They are not considered as dogma or history; they may or may not have happened and are not to be taken seriously.*"


Volksverhale is oorlewering van geslag tot geslag en kan as volg verdeel word in:

- * Tradisionele volksprokies
- * Mites
- * Legendes
- * Fabels
- * Diereverhale
- * Ekologie-gebaseerde verhale

* **Tradisionele volksprokies** is wêreldwyd van die bekendste kinderliteratuur, byvoorbeeld "Rooikappie en die Wolf" en "Doringrosie".



* **Mites** kan beskryf word as 'n denkbeeldige verhaal waarin die primitiewe mens sy gedagtes oor die wêreld en die mens se bestaan, in konkrete gedagtes uitbeeld, byvoorbeeld die verhaal van Atlas wat die wêreld op sy skouers moes dra en die verhaal van Pandora wat nie haar nuuskierigheid in toom kon hou nie.




Mites en sprokies lê na aanmekaar, omdat sprokies dikwels 'n voorbeeld van 'n mitiese manier van dink bevat. Het jy al in een van jou boeke so 'n illustrasie gesien? Daar sal later meer oor mites en Atlas vertel word.



* **Legendes** word beskou as 'n "ander soort of tipe geskiedenis" en is altyd gebaseer op een of ander historiese gebeurtenis of werklikheid, byvoorbeeld die onopgeloste raaisel oor die Lochness Monster. Legendes verwys ook na heldedade en bestaan uit 'n reeks avonture, byvoorbeeld die verhaal van Robin Hood en die Sheriff van Nottingham en die verhaal van Wolraad Woltemade. Alhoewel legendes groot ooreenkomste met mites toon, streek die oorsprong daarvan nie so ver terug as die oorsprong van mites nie.



* **Fabels** bestaan gewoonlik uit 'n kort diereverhaal en eindig met 'n uitdruklike sedes. 'n Fabel is kort en bestaan gewoonlik uit een gebeurtenis waarin dierekarakters gebruik word om deugde of ondeugde van die mens voor te stel. In hierdie studieveld sal gefokus word op die fabels van Esopus, maar daar is ook ander voorbeelde van fabels.



* Doen navorsing om meer oor fabels uit te vind:


Indiese fabels (Panchatantra)	Bhoeddhistiese fabels (Jatakas)
Fabels van La Fontaine	Russiese fabels (Leo Tolstoi)
Duitse fabels (Ludwig Bechstein en Arthur Schopenhauer)	

* Wat beteken die volgende woorde? Gebruik 'n verklarende woordeboek om die betekenis van die woorde na te slaan en maak 'n nota daarvan. Bespreek wat jy uitgevind het.

legende	oorlewerings	konkrete	denkbeeldige
nuuskierigheid	historiese	primitiewe	heldedade
sedes	deugde	ondeugde	ooreenkomste

* Vertel in jou eie woorde wat dink jy is elkeen van die volgende:

volksverhale	volksprokies	mites	legendes	fabels
--------------	--------------	-------	----------	--------




* Jy vorder goed! Luister nou verder.

* **Diereverhale** bevat diere fantasiekarakters wat nie werklik bestaan nie, maar tog ooreenkomste met bestaande diere toon (soos om skubbe of skerp naels te hê of om te kan vlieg). Hulle kan ook dinge doen wat gewone diere nie kan doen nie (soos om vuur deur hulle neusgate te blaas, byvoorbeeld drake). Daar word ook menslike eienskappe aan hulle toegedig om 'n kind se verbeelding aan te gryp (soos dat hulle kan praat en 'n plan kan uitdink).



* **Ekologie-gebaseerde verhale** waar die vertellers natuurverskynsels (soos die wind, water, vuur, son en maan) as karakters gebruik. Geloof in die bonatuurlike word op hierdie manier uitgebeeld. 'n Goeie voorbeeld hiervan is afkomstig van die Sankultuur.

Hoewel die son, maan en sterre 'n belangrike rol in die verhale en mitologie van die San gespeel het, is dié hemelliggame nie as gode beskou en aanbid (soos eenmaal algemeen aanvaar is) nie.



(Met erkenning aan mieliestronk.com)



LES 2

Fokus: Multikulturele literatuur.

Nota: Luister en praat is die middelpunt van leer in alle vakke.

Luister- en praatvaardighede word deur middel van letterkunde gestimuleer en uitgebrei deurdat 'n skatkis van woordeskat ontsluit word.

- 2.1 Om die konteks (inhoud) van verhale beter te verstaan, het ons agtergrond oor verskillende tipes verhale nodig. In hierdie afdeling val die fokus op verskillende tipes multikulturele literatuur.

MULTIKULTURELE LITERATUUR


"'n Kernliteratuur kom uit 'n kernkultuur."

Suid-Afrika is 'n veelvolkige land. Harmonie tussen al die verskillende mense is iets wat deur almal nagestreef behoort te word. Een manier om hierdie harmonie te bereik is om na mekaar se stories te luister.

'n Kernliteratuur in Suid-Afrika sal dus Suid-Afrikaanse verhale insluit wat handel oor die dinge wat vir die mens as spesie belangrik is: basiese behoeftes; maar ook die vermoë om te groei, te voel, te kommunikeer, die werklikheid deur sy verstand te beheer asook geestelike ervarings te hê. Die tipe literatuur waarin hierdie ingebore deel van menswees in woorde uitgebeeld word is volksverhale en veral volksprokies.

Baie van die verhale in ons Afrika-volksverhaalskat en volkskuns het 'n mondelinge oorsprong – dit is van geslag tot geslag oortel waar die luisteraar baie belangrik was want daar moes iemand wees wat na die stories luister! Ongelukkig het baie van die waarde daarvan met die optekening van die verhale en die ontwikkeling van wetenskap, geskiedenis en ander kunste, verlore gegaan.

- * Vertel in jou eie woorde wat dink jy beteken die woord "multikulturele".
- * Bespreek die gedagtes en idees wat jy gekry het terwyl jy na die voorlesing van hierdie stuk geluister het.
- * Bespreek die volgende stelling: *"Tradisionele literatuur (kernletterkunde) maak deure oop vir gedeelde menswees"*.



2.2 Jy het sekerlik, net soos meeste ander kinders, gedink dat lees maar net iets is wat mens doen as jy niks anders het om te doen nie, nie waar nie? Partykeer sal jy hoor dat 'n maat vertel dat hy / sy net lees omdat sy / haar ouers sê dit moet gedoen word, of dit is goed vir mens om te lees (maar nie verduidelik wat is so goed daaraan nie). Kyk 'n bietjie hierna en dan kan jy volgende keer vir daardie maat van jou vertel waarom lees so 'n goeie aktiwiteit is:

- * Lees is **vermaak** (dis "fun"); is dikwels humoristies of spannend of opwindend en verskaf dus plesier, want jy begeef jou in 'n ander wêreld.
- * Lees help 'n mens om jou eie **oplossings** te vind vir probleemsituasies net omdat jy oor ander se probleme gelees het en hoe hulle oplossings gevind het.
- * Lees lig mens in oor hoe mense in jou eie sowel as in ander **kulture optree**. Jy kom agter dat nie alle mense dieselfde dink of voel nie en daardeur maak lees vir jou dinkdeure oop om wyer te kan sien as net die stukkie aarde waarop jy jou bevind.
- * In die ou dae, toe daar nie gelees is nie, is kinders deur middel van die vertel van volksverhale opgevoed. Vandag dra die lees van boeke op 'n plesierige manier die **lesse** van "wat is die regte en wat is verkeerde gedrag" oor. Dit maak nie saak watter tipe verhaal jy lees nie, jy kom agter wat is aanvaarbare en wat is onaanvaarbare gedrag in jou huis, jou maats se huise, by die winkel en sommer oral in jou omgewing, asook in jou eie lewe.

* Lees wys vir jou wat is:

harmonie	saamwees	hulp aan ander	seremonies
boos	edel	gewetenloos	hebsugtig
bedrieërs	ordentlik	nabootsing	swakhede
spot	glorie	wreedheid	sterk punte
konflik	moraal	towery	konfrontasie
moreel	slinksheid	vermomming	luiheid
verwondering	respek	agterloosigheid	
die oorsprong van goed en kwaad			



2.3 Doen jou voor as 'n onderwyser, 'n dosent of 'n skrywer.

Gee aan jou gesin 'n lesing oor wat die voordele van lees is.

Vra aan jou gehoor om enige nadele op te noem en indien daar enige nadele is, bespreek dit met mekaar en maak voorstelle oor hoe om die genoemde nadele om te swaai in voordele.

NB: Hou in gedagte wat jy oor tradisionele literatuur te wete gekom het en baseer jou inligting wat jy in die bespreking wil gebruik, daarop.

2.4 **Vertel** aan jou gesin watter tipe verhale jou gunsteling is en brei uit oor hoekom jy so sê.

